## 16 Januarie — Daniël 3:4-26

### *'n Ware getuie sê "nee"*

In my en jou lewe kan die voortgang van ware getuienis afhanklik wees van een woord: "Nee". Terselfdertyd kan die vermoë om geloofwaardig op te tree, vernietig word deur een woord: "Ja". Die drie vriende van Daniël doen nie mee aan die aanbidding van die goue beeld van koning Nebukadnesar nie. Hulle dien die Here ... hulle bly getrou aan die Here en hulle bid dat die Here hulle in die heidense staat sal verlos. Die drie vriende bly manmoedig staan as almal om hulle neerval en die beeld aanbid. Nebukadnesar reageer woedend en desperaat, maar met vernederende gevolge. God red self die drie vriende binne die vuuroond, en hulle stap ongedeerd na buite. Die profeet Jesaja se woorde gaan letterlik in vervulling:"... as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie" (Jes. 43:2). Daar is 'n spreekwoord wat sê: "Dit is beter om op jou voete te sterf as om op jou knieë te lewe". As Christen word jy geroep om getrou aan die Here te bly en net vir Hom te bid. Dit maak nie saak as jy die enigste is wat gehoorsaam bly en nie meedoen aan verkeerde dinge nie. Ons erken dat God magtig is en dat Hy die uiteindelike besluit oor lewe of dood in sy hande hou ... in tyd van swaarkry, siekte en doodsgevare. En "smeltoonde" is somtyds die einste middel wat God gebruik om sy oorblyfsel te bewaar en om sy waarheid lewend in die wêreld te hou.

Sing: Psalm 68:1

Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)